

## Voorsitter Afskeidsboodskap 2012 - 2016

Vyf jaar het verbygevlieg en so ook kom my betrokkenheid tot 'n einde by Hoërskool Montana. Na meer as 12 jaar se betrokkenheid by skole en Beheerliggame het die tyd vir my aangebreek om aan te beweeg. Dit is natuurlik moeilik om sondermeer iets wat so 'n integrale deel van jou bestaan uitgemaak het op te sê. Maar soos die bekende skrywer Paulo Coelho dit stel:

*“One always has to know when a stage comes to an end. If we insist on staying longer than the necessary time, we lose the happiness and the meaning of the other stages we have to go through.”*

Ek kan egter nie my vertrek neem sonder 'n laaste geleentheid om die volgende mense te bedank vir hul bydrae, hulp en ondersteuning waarsonder die skool se suksesverhaal nie moontlik sou wees nie:

**Mnr. Sakkie Jacobs** - 'n uitmuntende hoof en vriend wat alles in sy lewe opgeoffer het in belang van onderwys. Vir hom was geen prys te hoog om te betaal nie. Integriteit is kern tot sy leefwyse. Sy passie vir onderwys, leierskap, insig, visie en geduld om te bou en verbeter het ons skool gedra na waar dit vandag is – toonaangewend. Om saam met hom te kon werk was 'n belewenis, leersaam en verrykend. Sy regverdigheid en toewyding tot ons skool en sy leerders staan te alle tye onaanvegbaar vas.

*“The task of the leader is to get his people from where they are to where they have never been.”* - Henry Kissinger

**Mnr. Cilliers en Krog** - die belang van die skool word by hulle altyd eerste gestel. Ferm leiers, maar altyd met 'n hart vir die skool en sy kinders. Ewige kampvegters vir dissipline, versorging en vooruitgang van ons leerders.

**Die onderwysers** - die effektiëfste span mense waarmee ek nog te doen gehad het. Georganiseerd, vriendelik en passievol vir onderwys en kinders. Hulle lewe die gesegde:

*“Teachers don’t teach for the income. Teachers teach for the outcome.”*

**Die administratiewe span** - akkuraat word hulle beskryf as die enginkamer van die skool. Hierdie span doen alles wat dit verg en veel meer om die skooldag vlot te laat verloop, maar met ’n sagte hart daarby.

**Die afrigters** - bekwame en entoesiastiese afrigters van hoogstaande gehalte wat in alle sportdissiplines die leerders se potensiaal ontwikkel, asook hollisties ontwikkel, op en van die sportveld en sodoende resultate en prestasie bereik.

**Die terreinwerkers** - ’n baie vriendelike span mense wat trots vind in hulle dagtaak. Die puik toestand van die algehele skoolterrein spreek duidelik daarvan.

**Die Beheerliggaam** - Dankie aan elke lid van die Beheerliggaam en ons voorgangers vir jul toewyding, vriendskap en onbaatsugtige diens gelewer aan Hoërskool Montana. Ek het net die grootste waardering vir jul persoonlike tyd opgeoffer in die skool en leerderbelang. Dankie vir professionele kundigheid wat sonder vergoeding in die skoolsake ingeploeg is om vooruitgang te verseker. Ek het net die hoogste agting en respek vir jul elkeen. Dankie vir stewige fundamente gelê waarop die skool kan voortbou.

*“The ultimate measure of a man is not where he stands in moments of comfort and convenience, but where he stands at times of challenge and controversy”*

- Martin Luther King Jr.

Laaste maar nie die minste ons **Monties** – hulle kompeteer huidiglik teen die beste en sterkste skole en gee altyd net hul beste. Gelukkige leerders waarop die skool absoluut trots is. Dankie vir die wyse waarop julle altyd die skool se naam hoog hou.

Die volgende hoogtepunte vir die skool word uitgelig oor die laaste vyf jaar:

- ✓ Hoërskool Montana word aangewys as een van die Top Tien akademiese skole in Gauteng – 2012.
- ✓ Montiedrag word verander na die huidige formaat.
- ✓ Monties kry ’n elektroniese kennisgewingbord.
- ✓ Monties wen die B-Bond vir skole atletiek en word bevorder na die A-Bond waar ons steeds uiters kompetierend meeding.
- ✓ Mnr. Krog word aangestel as adjunkhoof.
- ✓ Daar word korporatiewe drag vir personeel en afrigters ingestel.
- ✓ Die skool trek ’n nuwe baadjie aan en kry ’n nuwe aansig tot die hoofingang, draaisirkel, ontvangsarea en skoolsaal.

- ✓ Vyf nuwe klaskamers en 'n netbalbaan word aangebou.
- ✓ Hoërskool Montana begin deelneem in makro-skole verband en Monties laat hulself duidelik geld in alle sportsoorte.
- ✓ Die skool begin om drama en Alpha-wiskunde (ekstern) as vak aan te bied.
- ✓ Ons koop 'n groot passasiers-bus, die Montiebus, aan.
- ✓ Kaskar en huissport word weer ingestel.
- ✓ 'n Nuwe koorafriester word aangestel.
- ✓ 'n Fisioterapeut en Biokinetikus voeg hul dienste by die skool.
- ✓ Skootrekenaarprojek vir onderwysers word in plek gestel.
- ✓ Twee nuwe volledig toegeruste rekenaarsentrums word geopen.
- ✓ 'n Astrobaan vir hokkie word gebou.
- ✓ Hoërskool Montana word deur Beeld lesers aangewys as die top-skool uit vier provinsies en verwerf daarvoor die Platinum toekenning vir 2016.
- ✓ Hoërskool Montana word aangewys as die Top-akademiese skool in die Tshwane- Noord Distrik vir 2016.

Streng finansiële bestuur het deurgaans die ruggraat gevorm vir die suksesvolle en effektiewe funksionering van die skool. Kalmte en gemoedsrus heers by my dat die finansies van die skool kerngesond is en deurlopend oordeelkundig bestuur word.

Fighting the fight for discipline in schools is like fighting against a Gorilla. You dont stop when you are tired, you stop when the Gorilla is tired. The discipline of our learners however, remains extremely good. Despite exceeding the number of 1600 learners at our school, disciplinary actions are rarely necessary. We thank our learners for their conduct and our parents for their continued support in this regard.

Throughout my involvement in the governance of the school, the School Governing Body and school management worked together in total harmony. Reaching common goals were made easy because of this. We are grateful to the principal and senior management team of the school for the respect they showed towards all members of the School Governing Body.

Graag wil ek u elkeen opreg bedank vir die deurlopende ondersteuning en vertroue in my gestel as voorsitter, dit word hoog op prys gestel. Ek is nederig dankbaar en trots om deel te kon hê aan die verhaal van Hoërskool Montana.

Ek wens die skool, hoof, Beheerliggaam, personeel en elke leerder van Hoërskool Montana alle voorspoed en sukses toe vir die pad wat voorlê. Glo en Werk, want daar lê 'n blink toekoms voor vir Hoërskool Montana.

**Dit was 'n voorreg!!! – Alle eer aan God**

**MONTIE GROETE  
PIETER NEL**